# WATER KRISIS
## VLAK 5 WATERBEPERKINGS

**BERGRIVIER** Munisipaliteit is een van vyf munisipaliteite in die Weskus wat baat gevind het uit die 5 miljoen kubieke meter water wat vanaf die Bergrivierdam gekom het na die Misverstanddam.




Die Nasionale Minister van Water en Sanitasie, Gugile Nkwinti, het die vrystelling van die water op 16 April 2018 goedgekeur. Dit het 7 dae geneem voordat die water die Misverstanddam bereik het.

Na die goeie reënval in Mei is die Misverstanddam 100% vol (28 Mei 2018), maar die Wes-Kaapse watervoorsieningstelsel lê tans op 24%. Dit beteken dat ons steeds in 'n krisissituasie is en steeds moet bespaar.

**Rapporteer onwettige waterverbruik:**

| | |
|---|---|
| Porterville: | 083 272 3853 |
| Piketberg: | 083 272 3850 |
| Velddrif: | 083 272 4136 |
| Eendekuil: | 083 272 4137 |
| Redelinghuys: | 083 272 4130 |
| Aurora: | 083 272 4131 |

Alhoewel dag zero verskuif is, is dit steeds uiters belangrik dat almal minder as **50 liter per persoon per dag** gebruik. Dit werk uit op minder as 8 kiloliter water per huishouding per maand bereken op 'n huishouding van vyf mense.
Help ons asseblief deur enige vermorsing van water onmiddellik aan te meld by 022-913-6000 (kantoor-ure) of by 083-272-3850 (na-ure).

## KLIëNTEDIENSBEAMPTES

Vir alle navrae kontak gerus u naaste kliëntediensbeampte:

⇒ **Piketberg** Jackie van Huyssteen 022 913 6000 *vanhuyssteenj@bergmun.org.za*

⇒ **Porterville** Elisma Maarman 022 931 2100 *maarmane@bergmun.org.za*

⇒ **Velddrif** Claureen Varnicker 022 783 1112 *varnickerc@bergmun.org.za*

# GOP EN BEGROTING 2018-2019 GOEDGEKEUR




## LoTYDE EXPO

**BERGRIVIER** Municipality will be hosting its fourth consecutive Leaders of Tomorrow Youth Development Expo (LoTYDE) for all Grade 11 & 12 learners. The Expo, which starts from 14:00 until 16:30, will be held at the Dutch Reformed Church in Porterville on Friday 20 July 2018. Various tertiary institutions will be present to assist learners with information regarding their career paths.
Application forms, bursary opportunities and financial advice will be readily available.
For more information contact Ms Terry-Anne Wessels via email: wesselsta@bergmun.org.za

## GOEDVERWACHT: R4M INFRASTRUCTURE UPGRADES

**BERGRIVIER** Municipality is busy upgrading the Bulk Water Infrastructure in Goedverwacht, as part of its efforts to improve the water provision and water quality in the town.

The municipality received a grant of R4m from the Western Cape Government to implement this project.

Goedverwacht has been under severe pressure when it comes to securing adequate supply of drinking water for all its residents. The challenges range from an insufficient water supply to end-users in the higher living areas and inlet works which are flooded with debris. This results in the malfunctioning of the water treatment works.




**Goedverwacht: Cleaning-up of the inlet area**




The aim of this project is to construct a dedicated mainline, optimize the natural water source by removing alien vegetation, replace all chlorine pipes which are in a bad condition, upgrade the booster and filter pump station and prevent unauthorised access.

Some 34 local people were temporarily employed to complete specific tasks during the duration of this project.
The expected project completion date is the end of July 2018.

This is another successful project of Bergrivier Municipality.

# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** **JULY 2018**

## Eet, Slaap, Herwin!

**BERGRIVIER** Munisipaliteit spandeer meer as R20,8 miljoen jaarliks aan vullisverwydering.

Wyk 3 se Wykskomiteelede het op 9 Mei 2018 deur elke straat geloop en 'n deurskynende sak met 'n pamflet in huise se posbusse geplaas, as deel van 'n bewusmakingsinisiatief wat herwinning betref.

Die doel van hierdie projek is om inwoners aan te moedig om herwinning deel van hul daaglikse roetines te maak.

Vir inwoners wat in die Bergrivierstreek bly, sal herwinning noodsaaklik word, aangesien alle afvalstowwe na die streeksterrein vervoer moet word. Om vervoerkostes te verminder, doen ons 'n beroep op almal om saam te werk om soveel as moontlik afvalmateriaal te herwin.
Bergrivier Munisipaliteit gebruik 'n unieke drie-sak stelsel en vereis die herwinning van sekere herbruikbare vaste afval, wat nie net die koste van die verwydering van huishoudelike afval wesenlik kan verlaag nie, maar ook ons omgewing beskerm en bewaar. Elke dorp word aangemoedig om hul herwinningspogings te verbeter.





## Kennisgewing:

Daar word bevestig dat Raadsheer EB Manuel op 23 Mei 2018 bedank het as Uitvoerende Burgemeester (UBM). Die Uitvoerende Onder-Burgemeester, Raadsdame Sandra Crafford, neem waar totdat die Raad 'n nuwe UBM verkies. Raadsdame Crafford bevestig dat Bergrivier Munisipaliteit steeds dieselfde visie, passie en uitstekende diens aan ons gemeenskappe sal lewer.

## R37M OM PORTERVILLE SE RIOOLSUIWERINGSWERKE OP TE GRADEER

**'n BEDRAG** van R37 miljoen word op die Rioolsuiweringswerke (RSW) in Porterville spandeer, om suiweringskapasiteit en kwaliteit van die finale uitvloei te verhoog.

Dié projek vorm deel van die munisipaliteit se Top 5 kapitaalprojekte vir die 2017-2018 finansiële jaar. Hierdie opgraderings sal oor drie finansiële jare strek.

Bergrivier Munisipaliteit is voortdurend besig om ouer infrastruktuur te vernuwe om deurgaans uitstekende diens aan ons gemeenskappe te verseker. Die kapasiteit word van 750kl/dag na 1500kl/dag opgegradeer.

**Die opgraderings sluit in:**

- inlaatwerke;
- aërobiese tenk;
- retoer slikpomp;
- sekondêre verouderingstenke;
- Ge-aktiveerde Slyk Retoer pompstasie;
- opknapping van verouderingsdamme; en
- opgradering van die meganiese beheersentrum.



Die projek het vir nege plaaslike mense werksgeleenthede geskep. Die projek word beplan om in Maart 2019 voltooi te wees.

## Bergrivier Munisipaliteit werk saam met SMME's (Small, Medium and Micro Enterprises)

**BERGRIVIER** Munisipaliteit werk saam met die SMME forum in Porterville om belangstellende SMME's op te lei in emosionele welstand, toerisme en algemene besigheidsvaardighede.

Hierdie projek word gefasiliteer deur Adv Hanlie Linde(Munisipale Bestuurder) en Mev Alletta van Sittert (Bestuurder Strategiese Dienste) as deel van 'n Sweedse program, ICLD (International Centre of Local Democracy) en dit vorm deel van 'n groter projek in Porterville om die goedgekeurde gebiedsplan te implementeer.

Die implementering van die gebiedsplan word gedoen deur verskeie vennote wat saam met die munisipaliteit werk aan onder andere die opgradering van die hoofstraat en 'n toerismeroete in Monte Bertha.



## SUSTAINABLE DEVELOPMENT A TOP PRIORITY

**BERGRIVIER** Municipality held its IDP Representatives Forums in both Porterville and Velddrif on 3 and 4 May 2018 respectively.




The theme of this year's forum was Sustainable Development Goals (SDGs). There are 17 goals that were identified by the United Nations in 2015, to be achieved by 193 countries by 2030.

The aim of the SDGs is to create integrated sustainable development throughout countries across the world.




The Municipality identified three of the 17 goals which is of utmost importance to this region. The three goals are: No Poverty, Quality Education and Clean Water and Sanitation.

Workshops were held with key sectors in the region to determine the challenges with regards to our 3 goals. Through brainstorming, solutions were documented which will form part of the IDP.



## BERGRIVIER 2018-2019 BEGROTING IN KORT

**BERGRIVIER** Munisipaliteit se begroting vir 2018-2019 ten bedrae van R381 509 miljoen, is op 29 Mei (2018) deur die Raad goedgekeur.

Dié begroting is gemik op doeltreffende dienslewering en die verbetering van die lewensgehalte van alle mense binne die Bergrivier munisipale area.
Die goedgekeurde begroting bestaan uit die volgende:

- Kapitaalbegroting van R45 664 miljoen
- Bedryfsbegroting van R335 845 miljoen

**Tariefverhogings vanaf 1 Julie 2018:**

- Watertariewe sal verhoog met 6%.
- Elektrisiteitstariewe sal verhoog met 6.84% vir verbruikers.
- Vullisverwyderingstariewe sal verhoog met 6%.
- Sanitasietariewe sal verhoog met 6%.
- Die tariewe op residensiële en kommersiële eiendomme sal onderskeidelik met ongeveer 20% **verlaag** (weens die implementering van 'n nuwe waardasierol) vanaf 1 Julie 2018.

Die volledige GOP en begrotingsdokument is beskikbaar op die webtuiste (www.bergmun.org.za), by al die openbare biblioteke en munisipale kantore. Die publiek word versoek om dit te gebruik.

## WERKSPLEK VAARDIGHEIDSPLAN

**SOWAT** R771 750 word vir die finansiële jaar 2018-2019 begroot vir Bergrivier Munisipaliteit se Werksplek Vaardigheidsplan.

Die doel van die Vaardigheidsplan is om werknemers deur middel van kort kursusse, leerlingskappe en vaardigheidsprogramme te bemagtig. Op hierdie wyse verseker die Munisipaliteit dat uitstekende diens gelewer word aan al die gemeenskappe.
'n Totaal van 239 werknemers is reeds opgeneem in dié plan vir die finansiële jaar 2018-2019. Opleiding sal vanaf 1 Julie 2018 begin.



**Op die foto hierbo is: (*agter van links na regs*): Dyrran Boumeester, Angelique Louw, Direkteur Vivian Kotzee. *Voor van links na regs is:* Jacques Oppels van IMATU, Speaker Riaan de Vries en Elisma Casper van SAMWU.**

Die plan is tydens die Arbeidsforumvergadering van 19 April 2018 deur verteenwoordigers van die Raad, Senior Bestuur, die vakbonde SAMWU en IMATU, onderteken.

Volgens Adv. Hanlie Linde, Munisipale Bestuurder by Bergrivier Munisipaliteit, vat dit ure se samewerking en goeie werksverhoudings om die plan saam te stel. "Opleiding is die dryfkrag agter enige suksesvolle organisasie. Dit is om hierdie rede dat ons in ons werknemers belê, om te verseker dat ons ten alle tye hoë standaarde en produktiwiteit handhaaf," het Linde gesê.

## SKENK BLOED – RED DRIE LEWENS

**'n GROEP** werknemers van Bergrivier Munisipaliteit het op Vrydag 11 Mei (2018) bloed geskenk te Piketberg, met die hoop dat mense se lewens gered kan word.

Verteenwoordigers van die WP Bloedoortappingsdiens het 'n mobiele-stasie by die Piketberg Museum opgerig as deel van hul kwartaallikse besoeke.

Die publiek het ook gebruik gemaak van die fasiliteit, en die geleentheid gebruik om die verskil tussen lewe en dood te wees. Elke skenker se bloed (500 ml) kan drie lewens red.
'n Totaal van 63 eenhede is geskenk, terwyl die Bloedoortappingsdiens in Maart 49 eenhede ingesamel het. Om uit te vind waar u naaste skenkingskliniek is, skakel 021 507 6300 of stuur 'n e-pos na info@wpbts.org.za






**Op die foto hierbo is: (van links): Junita Dietrich, Urlston van Wyk, Anrolene Swarts, Zeenath Julius, Priscilla Afrika en Gerard Goliath van Bergrivier Munisipaliteit.**